

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 13 Maart 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Selfverheffing en hoogmoed
is daar nie by my nie, Here.
Ek maak my nie besorg
oor groot dinge nie,
dinge wat bo my vermoë is.
²Ek het rus en kalmte gevind.
Soos 'n kindjie wat by sy moeder
tevredenheid gevind het,
so het ek tevredenheid gevind.
³Wag op die Here, Israel,
nou en vir altyd.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 5

Tema: God is hartstogtelik begaan oor boosheid

Hartstogtelik begaan oor welsyn (Sagaria 1:12-14)

Toe sê die engel wat vir my die gesig moes uitlê, die engel van die Here: "Here, Almagtige, hoe lank gaan dit nog duur voordat U U weer oor Jerusalem en die stede van Juda ontferm? U toorn rus nou al sewentig jaar op hulle!"

¹³Die Here het die engel **vriendelik** geantwoord en hom **bemoedig**. ¹⁴Daarna sê die engel vir my: "Roep en sê: So sê die Here die Almagtige: Ek is **hartstogtelik** begaan oor Jerusalem, oor Sion:



- Hy gaan Jerusalem en die tempel weer uit die ruïnes opbou.
- Nasies gaan gestraf word en Jerusalem gaan 'n stad sonder grense word.
- Jesua en Serubbabel gaan die voorreg hê om die bouprojekte te voltooi.

Hartstogtelik oor boosheid in die land

Maar God was ook hartstogtelik begaan oor die boosheid wat in die land heers. Mense het mekaar belieg en besteel en hulle het in die naam van die Here valse ede afgelê. In die visioene van die boekrol en graanmandjie wys die Here dat Hy land van sy boosheid gaan reinig.

1. DIE VISOEN VAN DIE BOEKROL (SAGARIA 5:1-4)

- **Die reuse boekrol vlieg soos 'n klagstaat oor die land.**

“Ek sien 'n boekrol wat in die lug sweef. Dit is nege meter lank en vier en 'n half meter breed.”

- **Op hierdie boekrol is die seën en vloeke van die wet uiteengesit. (5:3)**

“Dit is die vervloeking wat oor die hele aarde strek, want elke dief het tot nou toe ongestraf gebly, en elkeen wat 'n vals eed aflê, het tot nou toe ongestraf gebly.”

- **Die klagstaat beweeg van huis tot huis:uitwis. (5:4)**

- **Ingaan.** Ek stuur die vervloeking, sê die Here die Almagtige. Dit sal in die dief se huis ingaan, en in die huis van dié wat in my Naam 'n vals eed aflê.
- **Uitwis.** Dit sal daar bly en die huis verwoes, hout en klip, alles.

Die voorbeeld van die profeet Gananja.

- Die profeet Jeremia het toe vir die profeet Gananja gesê: Luister, Gananja! Die Here het jou nie gestuur nie. Jy laat hierdie volk staatmaak op leuens.
- ¹⁶*Daarom, sê die Here, gaan Ek jou weggee van die aarde af. Jy sal vanjaar nog sterf, want jy het opstand teen die Here gepreek.*
- In die sewende maand van daardie jaar is die profeet Gananja dood. (Jeremia 28:15)
- Die voorbeeld van Ananias en Saffira (Handelinge 5)



2. DIE VISIOEN VAN DIE GRAANMANDJIE. (SAG. 5:5-11) DIE VERHAAL VAN DIE TWEE VROUE:

- **Die graanmandjie met die sonde van die wêreld. (5:6)**

“Wat is dit?” en hy het gesê: “Dit is ’n graanmandjie wat aankom.” Hy het bygevoeg: “Dit bevat die **sonde** van almal op aarde.”

- **Die vrou en die deksel van lood. (5:7,8)**

⁷Toe word die ronde looddeksel van die mandjie opgelig, en daar sit ’n **vrou** binne in die mandjie! ⁸Die engel het gesê: “Dit is die goddeloosheid!” Hy het haar teruggestamp in die mandjie en die looddeksel oor die bek toegeklap.

- **Die bestemming van die graanmandjie. (5:9, 10)**

Toe sien ek **twee vroue** aankom wat met vlerke op die wind sweef, vlerke soos dié van ’n groot sprinkaanvoël. Hulle het die mandjie opgetel en is daarmee die lug in.

¹⁰Ek vra toe die engel wat vir my die gesigte moes uitlê: “Waarheen gaan hulle met die mandjie?” Hy het geantwoord: “Hulle gaan vir die mandjie ’n **huis** (tempel) bou in **Sinar** (Babilon). As dit klaar is, sal die mandjie daar op die plek gesit word waar hy hoort.”

Nimrod, van Sinar. Uit Kus het Nimrod gekom, die eerste maghebber op die aarde. Hy was ’n dapper jagter, ook in die oë van die Here. Daarom word daar gesê: “’n Dapper jagter in die oë van die Here, soos Nimrod.” Nimrod se koninkryk het begin by Babel, Erech, Akkad en Kalne, almal in **Sinar**. (Genesis 10)

- **Moeder van sedeloosheid: Openbaring 17:5**

Die vrou was uitgedos in pers en helderrooi klere en opgetooi met goud, edelstene en pêrels. In haar hand het sy ’n goue beker vol losbandigheid gehad, die onreinheid van haar onsedelikheid. Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het ’n verborge betekenis. Die naam was: “Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde.

- **Geval: Openbaring 18.**

Konings, sakemanne en seemanne het gehuil oor haar val



3. CHRISTUS HET BOOSHEID FINAAL UITGEWIS: BOEKROL EN GRAANMANDJIE.

- **Die vloek.** Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. (Gal 3:13)
- **Die boekrol.** Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. (Kol 2:14)
- **Die graanmandjie met boosheid.** Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. (1 Petrus 2:24)

Waar God begin werk aan 'n nuwe droom en toekoms vir sy mense kan boosheid nie geduld word nie. In hierdie twee visioene deel Hy op 'n baie besliste manier met boosheid in die land maar ook met bose mense. **AMEN!**

SEËNBEDE:

⁶Bid dat Jerusalem vrede mag hê,
dat hulle wat hom liefhet,
rustig mag woon.

⁷Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings.

⁸Ter wille van my broers en my vriende
wens ek jou vrede toe.

⁹Ter wille van die huis van die Here
ons God

bid ek dat dit met jou goed sal gaan.



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Ondersteun asseblief ons borge! Vandag se erediens is geborg deur:



PKM TRANSPORT *We don't cut corners*

FURNITURE & OFFICE REMOVALS
ALL PACKING MATERIALS
FREE ON-SITE QUOTATIONS

086 111 1129 www.pkmtransport.co.za

